


**WEEK 2: 3-9 Junie (dag 8-14)**

**DAG 8 (3 Junie)**

**Psalm 51:8** "Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart..."

*Die woorde wat ons gebruik as ons bid, is dalk nie die belangrikste deel van gebed nie. As ek bid stel ek myself, nes ek is – daardie mens wat net God werklik ken – oop aan 'n God wat my klaar ken. CS Lewis het geskryf: The prayer preceding all prayers is, 'May it be the real I who speaks.'*

**Gebed vir dag 8**: "Here, voordat ek enige iets sê, U weet wat in my hart is..."

**DAG 9 (4 Junie)**

**Psalm 139:23-24 (NIV)** "Search me, God, and know my heart; test me and know my anxious thoughts. See if there is any offensive way in me, and lead me in the way everlasting."

*Jesus waarsku sy dissipels om nie voor te gee nie. Dit vra van ons om eg en eerlik te wees as ons bid. Gebed is tog wanneer ek myself neersit voor die Skeppergod wat klaar alles van my weet.*

**Gebed vir dag 9:** "Here, ek kom nes ek is, sonder enige voorgee, eg en eerlik met my hele hart…"

**DAG 10 (5 Junie)**

**Johannes 15:5** "Ek is die wingerdstok en julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie."

*Gebed is die diepste verklaring van afhanklikheid moontlik. Ek bid op my beste as ek besef en erken ek is magteloos. Ons word nooit onafhanklik van God nie. Gebed is die beste manier waarop ek my "in-Hom-bly" kan bevestig elke dag.*

**Gebed vir dag 10:** "Here, ek is 100% afhanklik van U vir alles in my lewe..."

**DAG 11 (6 Junie)**

**Psalm 139:1-5** "Here, U sien dwarsdeur my. U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit. U ken my gedagtes nog voordat dit by my opkom... U is met al my paaie goed bekend. Daar is nog nie 'n woord op my tong nie, of U, Here, weet wat dit gaan wees. ...Die wete oorweldig my..."

*Die Bybel is vol verhale van mense wat met God worstel – Jakob, Dawid, Job, Jeremia (selfs Jesus in Getsemane) maar keer op keer is hierdie worstel in die vorm van 'n gebed, want gebed is die plek waar ek met God mag eerlik wees oor wat in my lewe aangaan, waaroor ek twyfel en sukkel.*

**Gebed vir dag 11:** Wees eerlik met die Here oor waarmee jy sukkel en waaroor jy twyfel...

**DAG 12 (7 Junie)**

**1 Samuel 16:7** "Maar Hy sê vir Samuel: Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie. Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike."

*Gebed maak ruimte vir daardie sake wat ons vir mense en vir God wegsteek. God kyk na ons harte, na wie ons werklik is en ons hoef niks weg te steek nie. Verhoudings verdiep soos ek my geheime met my vriende deel. Ons verhouding met God werk ook so.*

**Gebed vir dag 12:** Here, dankie dat wie ek is en my geheime U nie afskrik nie...

**DAG 13 (8 Junie)**

**Jesaja 49:15-16** "Kan 'n vrou haar eie baba vergeet, haar nie ontferm oor die kind wat sy in die wêreld gebring het nie? Selfs al sou so iets kon gebeur, Ek sal jou nie vergeet nie. Ek het jou naam in my handpalm gegraveer."

*Die prentjie wat ek van God het, meer as enige iets anders bepaal die rol en plek wat ek aan gebed gee en hoe eerlik ek in my gebede is. Ons vrees en agterdog maak dat ons God se liefde kan mis.*

**Gebed vir dag 6:** Dankie Here dat U my vandag sal onthou...

**DAG 14 (9 Junie)**

**Efesiërs 3:18** "Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus sterk. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God."

*Die heel belangrikste doel van gebed is om vir God toe te laat om vir ons (nes ons is) lief te wees..*

**Gebed vir dag 14:** Here, dankie dat daar geen einde is aan U liefde vir ons nie...

**VIR KLEINGROEPE** *(gebruik dieselfde patron van Welcome, Word, Works, Worship as struktuur vir hierdie studie)*

- **Gaan as groep weer saam deur al 7 dae (hierbo) en praat saam oor die volgende:**
  - Hoekom dink julle is dit vir ons so moeilik om eerlik te wees met God?
  - Waarom is dit belangrik om eg en eerlik te wees in ons gebede?
  - Wat is die een ding wat jy in hierdie week leer oor gebed?
  - Watter Skrifgedeelte van hierdie week kan jou hiermee help?
- **Bid nou op die patroon van die 7 dae van hierdie week (dag 8-14)**.